DIENSVREUGDE - DEEL 3

'n Oorvloedige lewe
13 November 2005
Ds Freddie Schoeman

Skriflesing: Johannes 15:1-8, 16

Stel jouself voor: 'n Olimpiese medalje seremonie. Vier Suid-Afrikaanse swemmers het die 4 X 100m aflos gewen. Hulle bestyg die podium, die Suid-Afrikaanse vlag word gehys, die volkslied word gespeel, die medaljes word om hulle nekke gehang – die skare gee luid applous. Miskien het uself hierdie spesifieke seremonie op TV dopgehou. Onthou u die trots, die emosie, dalk die trane wat u gestort het?

Nou: stel jouself voor – jy is een van die atlete! Onder gejuig van die skare word die medalje om jou nek gehang!

Probeer hierdie gedagte begryp: eendag, nie te lank van nou af nie, gaan daar so 'n dag in jou lewe wees! Jy gaan op die podium staan, jubel sange van duisende engele sal om jou ore weerklink – en dan, die stem van die Here wat weerklink: *'Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf (dienskneg). Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!'* (Matt 25:23)

Hierdie reeks handel oor *diensvreugde*. Ons het reeds gesien dat daar groot vervulling en vreugde is in dit wat die Bybel noem *goeie dade*. Dis ook hoe die Here ons *aanmekaargesit het* – ons liggame skei bepaalde stowwe af wat ons laat goed *voel* wanneer ons goed ge*doen* het. *Ons is nie gemaak om vir onsself te lewe nie*. Om die waarheid te sê, wanneer ons vir onsself lewe dan doen ons *skade*; nie net aan onsself nie maar ook aan ander.

Maar hier kom nou 'n nuwe dimensie van diensvreugde by: nie net in hierdie lewe op hierdie huidige aarde nie – maar ook hierna wag daar 'n beloning / vergoeding op ons wat die Here getrou dien. Dit wat ons hier in hierdie lewe doen – maak 'n verskil in die ewigheid!

Nie een keer nie, baie keer, herhaal en beklemtoon Jesus hierdie gedagte: daar wag 'n beloning op ons, sy getroue diensknegte.

Jesus antwoord hulle: "Dit verseker Ek julle: Wanneer alles nuut gemaak word, as die Seun van die mens op sy koninklike troon sit, sal ook julle wat My gevolg het, op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer. [29] *En elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry.* (Matt 19:28-29)

[22] *Geseënd is julle wanneer die mense julle haat en julle verstoot en uitskel en julle naam vermy soos iets wat sleg is, alles ter wille van die Seun van die mens.* [23] *Wees bly op daardie dag en spring rond van vreugde, want vir julle is daar groot beloning in die hemel. Hulle voorvaders het immers met die profete net so gemaak.* (Lukas 6:22-23)

[12] *Hy het ook vir die gasheer gesê: "As jy in die middag of in die aand 'n maaltyd gee, moet dan nie jou vriende of broers of familie of ryk bure uitnooi sodat hulle jou waarskynlik ook weer uitnooi en jou op dié manier vergoed nie.* [13] *Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes.* [14] *Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed (a***νταποδίδωμι = terugbetaal**) *by die opstanding van dié wat reg gedoen het."* (Lukas 14:12-14)

Paulus praat ook by herhaling van hierdie beloning:

[6] *Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur.* [7] *Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou.* [8] *Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.* (2 Timoteus 4:6-8)

[13] *Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.* [14] *Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.* (Filippense 3:14)

En dan Openbaring. In die slotvisioen van Johannes gee hy Jesus se woord weer:

[12] Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. (Openbaring 22:12)

Waarvoor gaan ons beloon word? Ek dink dit is teen hierdie redelik duidelik: ons gaan beloon / vergoed word vir dit wat ons gegee en gedoen het - ons *goeie dade*. Dit is die goeie dade waarvan Paulus in Efesiërs 2:10 praat: " *... in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*" Ons gaan beloon word vir dié goeie dade waarvoor God ons geskep en bestem het – waarvoor ons op die aarde geplaas is.

Die Bybel gebruik 'n besondere beeld om goeie dade te beskryf, en dit is die beeld van vrugte en vrug dra.

Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God. (Kol 1:10)

In sy boek, *Halftime*, sê Bob Buford op sy graf moet staan: 100x (na aanleiding van die gelykenis van die saaier in Matt 13 – die saad wat honderdvoudig vrug gedrag het). Hy stel dit so: *I want to be a symbol of the higher yield, in life and in death.*

Die bedoeling van die Here is dat ons 'n oorvloedige lewe sal lei – nie 'n karige, saai, middelmatige lewe nie. Ons word geroep nie om maar net ons plig te doen en die minimum te gee nie. Ons word geroep om alles te gee. Om ons lewens aan God te gee as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. (Rom 12:1)

Wanneer ons dit doen, sal ons oorvloedige lewens lei – 'n lewe vol vrug. Ons sal 'n goeie opbrengs lewer.

Ek stel myself voor: As ons eendag voor die Here verskyn gaan ons met ons mandjies voor Hom staan. En in die mandjies gaan die opbrengs van lewensoes wees - die vrugte van ons dienswerk / goeie dade. As ons na Joh 15:1-8 kyk, dan lyk dit asof nie almal se mandjies ewe vol gaan wees nie.

- Sommige van ons se mandjies gaan leeg wees. (nie – vrugte)

- In sommige van ons se mandjies gaan daar wel vrug wees, maar nie so baie nie. (vrugte)

- Sommige s'n gaan redelik vol wees. (meer – vrugte)

- Ander s'n gaan tot oorlopens toe vol wees. (baie – vrugte)

Hoe gaan jou mandjie lyk?

Daar is 'n ontstellende gedeelte in een van Paulus se briewe, 1 Kor 3.

Julle is ook die gebou van God. [10] Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou, [11] want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus. [12] Of dit goud, silwer, edelstene, hout, gras of strooi is waarmee iemand op die fondament bou, [13] elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets. [14] As iemand se bouwerk bly staan, sal hy beloon word; [15] as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog sal hy self gered word, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is. (1 Kor 3:9b-15)

Redding is gewaarborg; redding is nie gebaseer op goeie dade nie, dis gebaseer op God se genade. Maar die beloning waarvan die Bybel praat, is wel gebaseer op goeie dade.

Weer die vraag: hoe lyk jou mandjie? Ons gaan getoets word.

Hoe kan ons 'n vrugbare lewe lei? Ons moet "in" Christus bly. (Joh 15:5 "Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, ..." vs 10 "As julle my opdragte uitvoer sal julle in my liefde bly.")

Dit beteken eenvoudig dat ons moet soos Christus begin dink, voel en doen:

1. Ontwikkel die hart van 'n dienskneg

- Word 'n voetwasser (volg Jesus se voorbeeld)
- Wie eerste is moet laaste wees en almal se dienskneg
- Word soos 'n kind (nie *glo* soos 'n kind!)

2. Vra die Here vir 'n deernisvolle hart

- "Hy het hulle innig jammer gekry"

3. Ontdek jou uniekheid

Ons het verlede week gesien dat die Here spesifieke goeie dade vir ons bestem het. Voordat Hy ons geskep het, het die Here reeds 'n plan gehad. Vir hierdie plan om uitgevoer te word, moet daar sekere dinge gedoen word, waarvoor Hy mense gebruik. Toe het Hy ons geskep met die doel om 'n spesifieke gedeelte van sy plan uit te voer. En om daardie gedeelte van sy plan uit te voer moet ons sekere goeie dade doen – en dit is dáárdie goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

Daarom is ons uniek geskep. Daar is nie nog iemand soos ons nie en daarom kan *niemand* anders die goeie dade waarvoor ons bestem so goed doen soos ons nie. Wanneer iemand *nie* die goeie dade / dienswerk doen waarvoor hulle – en hulle alleen – bestem is nie, dan beteken dit dat dit óf nie gedoen word nie, óf dat iemand anders wat nie daarvoor bestem is nie, dit bo-en-behalwe sy of haar eie dienswerk dit ook nog moet doen.

Dis wat gebeur in die kerk vandag. Daar is baie mense wat ander mense se dienswerk vir hulle doen omdat daardie mense dit nie self doen nie; uit die goedheid van hulle hart en omdat dit gedoen moet word.

Wat is die gevolg?

1. Oorwerkte diensknegte.

So jy kry 'n klomp gewillige, maar oorwerkte klomp donkies – wat dan ook op 'n punt kom waar hulle sê: Genoeg is genoeg! En ek neem hulle nie kwalik nie.

2. Ontneem mense die vreugde van dienswerk

Ons het gesien watter vreugde en vervulling daar in dienswerk is – en hoe groot die beloning daarvoor is. Wanneer ons ander se dienswerk vir hulle doen en namens hulle doen, dan ontneem ons hulle die vreugde, die vervulling en die vergoeding (beloning) wat hulle toekom. (Dis wat ekself besig is om te doen: ek is besig om die gemeente te besteel.)

In sy boek *The Volunteer Revolution,* raas Bill Hybels met die dominees:

When those called to equip think of themselves as the only worthy "doers of ministry," when they peer down from their perch in the pulpit at their congregation, convinced that the Holy Spirit could not possibly work through the people seated in front of them, they are directly disobeying their calling and mandate from God.

The Volunteer Revolution

3. Swak, halfhartige, lae kwaliteit dienswerk

Slegs die persoon wat bestem is vir spesifieke goeie werke kan dit so goed doen soos daardie persoon. Want, sê Ef 2:10, ons is elkeen spesiaal aanmekaar gesit / geskep / gevorm deur die hande van die Here vir spesifieke goeie werke – ons is uniek. As iemand anders dit doen, kan die nie naastenby met dieselfde vrug en effektiwiteit gedoen word nie. Wanneer dit gebeur is die noodwendige gevolg dat die kwaliteit van die dienswerk van die gemeente daaronder lei.

Wanneer ek iemand anders se werk doen – en ek doen dit (ek besteel die gemeente) – dan kan ek dit nie so goed doen soos hulle nie – want hulle is spesiaal daarvoor geskep, nie ek nie. So nou sit ek nog met 'n klomp kritiek ook! :-)

---ooo---000---ooo---

Gelukkig het ons in ons gemeente 'n hele klompie persone wat regtig die goeie werke doen waarvoor die Here hulle bestem het en daarom geskep het doen – met besondere goeie gevolg. Ek het een van hulle gevra om vanoggend so 'n ietsie te kom sê: Gerty Basson ...

Die Here het haar uniek gevorm – net soos vir ons ander – vir die spesifieke dienswerk wat sy doen. (Laas week: vyf aspekte van ons uniekheid. Gawes, passie/hart, gevorm deur ervaring, vaardighede en persoonlikheid.) Daarom beleef sy soveel vreugde, vervulling in haar dienswerk, en sal die vergoeding nie uitbly nie.

[Sy het natuurlik ook 'n fantastiese komitee wat verstaan van dienswerk en goeie dade!]

---ooo---000---ooo---

Hoekom moet ons vrugte dra? Die eer van die Vader. (Joh 15:8)

Bruce Wilkinson se beeld.